
Grondslae vir die Privatisering van Owerheidsfunksies

Johan van der Westhuizen

Departement Politieke Wetenskappe
Unisa

ABSTRACT

Experience in countries such as West Germany, France and Britain, indicates that different foundations underly the privatisation of government functions. Within the South African context, statistics point to the fact that the contribution of the public sector to the economic life of the country has increased excessively. This can prove to be detrimental to the economy. Consequently it is indispensable to redistribute the functions between the public and private sectors in order to provide a better life for each member of the society. Therefore the choices for privatisation should be made in a rational as well as an equitable manner to ensure that the economy is managed by the sector which is capable of doing it best.

1. INLEIDING

Privatisering van owerheidsfunksies is nie eintlik iets nuuts nie. In Suid-Afrika is dit reeds geruime tyd aanvaarde Regeringsbeleid dat die owerheid sy dienslewingsaksie in herooringewing moet neem, om te besluit welke dienste deur die openbare of private sektor gelewer moet word. Privatisering is egter ook 'n internasionale verskynsel, en het verskeie regerings hul reeds tot 'n volgehoue program van privatisering verbind. Enkele voorbeelde hiervan is lande soos Wes-Duitsland, Frankryk, Maleisië, Turkye en Brittanje.

Privatisering hou verskeie moontlikhede in. In hoofsaak gaan dit egter daaroor dat die owerheid se rol, ten opsigte van dienslewering aan die samelewing verminder wil word. Die verskraling van die owerheid se taak kom daarop neer dat die prestasie van die ekonomiese aktiwiteite verhoog wil word, om daardeur beter dienslewering aan die samelewing te verseker. Verskillende omstandighede binne die ekonomiese omgewing gee aanleiding tot verskillende redes vir privatisering. So het bepaalde tendense in die verlede byvoorbeeld daartoe gelei, dat die owerheid se rol vermeerder of verminder het, wat dienslewering betref. Daarom het dit belangrik geword, dat die owerheid vanweë bepaalde omstandighede, opnuut aandag moes verleen aan die verskraling van owerheidsfunksies. Omdat privatisering egter bepaalde gevolge vir die ekonomie kan inhou, is dit belangrik dat dit met oorleg en verantwoordbare optrede sal geskied. Daarom behoort die privatisering van owerheidsfunksies met omsigtigheid en die nodige kundigheid te geskied.

In hierdie artikel sal daar na bepaalde grondslae gekyk word wat onderliggend is aan die privatisering van owerheidsfunksies.

2. WAT IS PRIVATISERING?

Die Minister in die Kantoer van die Staatspresident, gemoeid met Administrasie en Privatisering, is van mening dat mense deurmekaar praat oor privatisering en dat verskillende verwagtinge daaroor gekoester word. Indien privatisering in die wydste sin ontleed word, sal besef word dat dit wel gaan oor aspekte veel wyer as net om die owerheid se rol minder te maak in die ekonomie. Dit beteken terselfdertyd dat meer ruimte vir private inisiatief ontwikkel word en belangrik, dat die rol van die individue in die ekonomiese omgewing verbreed word, om sodoende die moontlikhede vir aandeelhouing te vergroot (Marais 1 April 1988: 14).

Voorts is die Minister van Finansies die mening toegedaan, dat privatisering dtkwels met "selling off the family silver", of verkoop van erfgoed, vergelyk kan word. Hierdeur word geïmpliseer dat privatisering vermy behoort te word. Indien voornoemde stelling van naderby ontleed word, sal tot die besef gekom word, dat indien die verkoop van familie-erfgoed inkomstegenererende bates ontwikkel, eintlik daarmee voortgegaan behoort te word. Dit impliseer dat die privatisering van owerheidsaktiwiteite ondersteun behoort te word, indien dit die familie op 'n pad van groter welvaart plaas (Beeld 17 Maart 1988: 4).

Vervolgens meen kritici van die privatiseringsgedagte dat met die wegdoen van owerheidsbates, dit in werklikheid neerkom op "selling the furniture in order to pay the rent". Voornoemde siening hou omvangryke implikasies in. Indien dit wel die geval is dat owerheidsbates aangewend sal word om boeke te laat balanseer, dan bestaan die gevaar dat later met alle bates weggedoen sal word (Lêer S13/6, 1 September 1984).

Alhoewel verskeie eksponente verskillende sienings oor privatisering huldig, kom privatisering in hoofsaak daarop neer dat bates en/of funksies op 'n gedeeltelike of totale wyse van die openbare na die private sektor op 'n basis van 'n verskeidenheid van reëlins oorgedra word. Aangesien dienslewering aan die samelewing vanuit die openbare en private sektor voortspruit, en 'n wesentlike invloed op die ekonomie uitoefen, is dit belangrik dat die markmeganisme nie in hierdie proses verwing word nie. Daarom sal besluite met betrekking tot die privatisering van owerheidsaktiwiteite, in oorleg behoort te geskied, omdat die welsyn van die bevolking op die spel geplaas word.

3. OWERHEID SE ROL IN DIE EKONOMIE

Soos reeds vroeër daaroor geskryf, spruit die funksies wat aan die samelewing gelever word, voort vanuit die openbare en private sektor. Van die openbare sektor word verwag om bepaalde dienste te lewer om sodoende die samelewing se behoeftes te bevredig. Oor wat in wese van die owerheid verwag word, skryf Klerck (1984: 117), dat naas die daarstelling van 'n ordelike samelewing, 'n stabiele ekonomie, 'n hoë lewenstandaard, sosiale dienste en 'n stabiele geld- en vervoerstelsel, daar ook onder andere 'n gunstige omgewingsklimaat vir die private sektor ontwikkel moet word om in te funksioneer en sake te doen. Dit kom in die praktyk daarop neer dat die owerheid hom dus aktief en prominent met die ekonomiese lewe van die staat bemoei. Die owerheid moet dus sorg dat die land ekonomies stabiel funksioneer, wat beteken dat die owerheid finansiële en fiskale maatreëls moet instel, om sodoende as raamwerk te dien waarbinne die samelewing, en die georganiseerde handel en nywerheid, moet optree (Hattingh 1986: 91-93).

Vervolgens omskryf Lombard en Stadler (1981: 100) die owerheidssektor van die ekonomie as volg:

- (a) "alle wetgewende, regterlike en uitvoerende instellings wat deur middel van politieke prosesse ontwikkel is, insluitende sentrale regeringsinstellings met afdwingbare magte

- wat oor die hele landsgebied strek, sowel as instellings op laer vlakke met soortgelyke maar beperkte magte wat oor slegs 'n gedeelte van die land strek'; en
- (b) "alle agentskappe wat direk aan bogenoemde instellings verantwoordelik is."

Uit voornoemde verklarings kan die afleiding gemaak word dat die owerheid oor bepaalde "magsinstrumente" beskik om die ekonomiese terrein van die staat te reël en reguleer. Dit impliseer dat die owerheid verantwoordelik is om bepaalde "ekonomiese" dienste aan die samelewing te lewer. In hierdie verband kan die volgende owerheidsfunksies in die ekonomiese stelsel onderskei word, naamlik:

- (a) Die owerheid is 'n verskaffer van kollektiewe dienste.
- (b) Die owerheid neem deel aan die produksie van nie-kollektiewe goedere en dienste.
- (c) Die owerheid is 'n verskaffer van subsidies.
- (d) Die owerheid voer gesag oor belastingaangeleenthede.
- (e) Die owerheid leen geld, ontwikkel geld en leen geld uit.
- (f) Die owerheid tree op as arbiter in die private mededingende prosesse.
- (g) Die owerheid is in beheer van die transaksies van subjekte in die private sektor (Lombard en Stadler 1981: 101).

Uit voornoemde omskrywing van owerheidsfunksies is dit duidelik dat die owerheid hom aktief in die ekonomiese omgewing van die samelewing bemoei. Wat belangrik is, is dat ten opsigte van voornoemde owerheidsbedrywighede, het die owerheid geen winsmotief nie, maar 'n diensmotief (Van Heerden 1979: 9).

Beide die openbare en private sektor dien dieselfde kliënt, en dit is die samelewing in die wydste sin. Dit is egter die verantwoordelikheid van die owerheid om stabiliteit vir die samelewing te waarborg en om die belange van alle groepe binne die samelewing te beskerm. Daarom is dit belangrik dat die owerheid nie die vryemarkstelsel onbeheersd kan laat voortgaan nie, en behoort daar behoorlike verhoudinge tussen die owerheid en die private sektor te bestaan om te verseker dat 'n sinvolle balans in funksieverdeling gehandhaaf word. Dit impliseer dat die owerheid en die private sektor nie ongekoördineerd en onafhanklik van mekaar kan funksioneer nie (Hanekom en Thornhill 1983: 223). Dit is reeds 'n geruime tyd aanvaarde Regeringsbeleid dat die aandeel van die owerheid in die ekonomiese omgewing verminder behoort te word. Reeds gedurende 1979 tydens die Carlton-beraad, en in 1981 by die Goeie Hoop Konferensie, is gesprekvoering tussen die openbare en private sektor aan die gang gesit, waarop die owerheid hom tot 'n groter mate tot die vryemarkstelsel verbind het. Sederdien is die owerheid se verbintenis tot privatisering telkens bevestig, en met die bekendmaking van die Witskrif, het dit finaal beslag gekry. Ook in die aanhef tot die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983* (Wet 110 van 1983) het die Suid-Afrikaanse samelewing homself ten gunste van 'n kapitalistiese stelsel verbind, waarbinne die vryemarkstelsel bevorder moet word. Dit kom daarop neer dat die lewering van funksies of dienste aan die samelewing, grootliks na die private sektor gekanaliseer behoort te word (Hanekom, Botes, *et al.*, 1987: 133).

4. DOELWITTE VAN PRIVATISERING

Volgens die Minister, gemoeid met Administrasie en Privatisering, is privatisering 'n belangrikheid vir die ontwikkeling van ekonomiese welvaart in Suid-Afrika. In die praktyk kom dit daarop neer dat privatisering deel is van 'n ekonomiese hervormingspakket om die totale ekonomie te stimuleer. Omdat privatisering dus deel uitmaak van 'n ekonomiese pakket,

kan gekonstateer word, dat privatisering nie 'n doel op sigself is nie, maar deel is van 'n beleid en strategie om ekonomiese groei en ontwikkeling te behaal (Finansies en Tegniek 3 Junie 1988: 45).

Tans word die hervorming van ekonomiese aktiwiteite vanaf owerheidsweë as van kardinale belang geag. Daar word selfs daarna verwys as "Bothakonomie" wat daarop dui dat dit tot op hoogste Regeringsvlak aandag geniet (Meades, 1988: 19). Doelwitte wat deur die owerheid vir privatisering voorgelê word, behels onder meer die volgende, naamlik:

- (a) "Om die prestasie van die ekonomie te verbeter deur:
 - (i) doeltreffende gebruik van produksiefaktore;
 - (ii) die verskaffing van soveel dienste en produkte as moontlik en dit aan die dissipline van markkragte in die private sektor te onderwerp; en
 - (iii) die persentasie van netto vaste investering in die private sektor te verhoog" (Finansies en Tegniek 3 Junie 1988: 45).
- (b) "Om aan die grootste moontlike aantal mense 'n aandeel in die ekonomie en welvaart van die land te gee" (Beeld 20 Mei 1988: 13).
- (c) "Om die rol van die owerheid minder te maak en meer ruimte vir private inisiatief te skep, om 'n verbreding van aandeelhouding te bevorder, om die aanvaarding van vrye ondernemerskap te bevorder, en nog meer, om die welsyn van die hele land te bevorder" (Marais 1 April 1988: 14).

Soos uit bogemelde verklarings afgelei kan word, is die hoofdoel van privatisering om die owerheid se aandeel in die ekonomie te verminder. In die finale instansie gaan dit egter daaroor dat doeltreffender en effektiewer dienslewering aan die samelewing verseker wil word. Daarom sal alle keuses met betrekking tot die privatisering van owerheidsaktiwiteite daarop ingestel wees om die belange van die bevolking voor op te stel.

5. WAAROM PRIVATISEER?

Verskillende skrywers huldig verskillende menings oor die redes vir privatisering. Caiden (1988: 331) skryf dat "the central theme behind most recent reform campaigns has been that government does not give enough value for money." Voorts is McGregor (1987: 2-6) van mening dat daar fasette in die Suid-Afrikaanse ekonomiese omgewing aanwesig is wat stremmend op die ekonomie inwerk. Die fasette waarna McGregor verwys, behels onder meer die volgende, naamlik:

- (a) Monopolievorming in die private sektor. Ondernemings soos "The Anglo American Corporation of S.A. Ltd.", "The South African National Life Association Co. Ltd.", "The South African Mutual Life Assurance Society Ltd." en "The Rembrandt Group Ltd." oorheers byna alle aspekte van die Suid-Afrikaanse ekonomie en dit gee onder andere aanleiding tot prysverhogings, burokratiese ondoeltreffendheid en kollektiewe druk.
- (b) Die buitensporige aandeel van die owerheid in die ekonomie, wat geïllustreer word deur die owerheid se betrokkenheid by elektrisiteitsvoorsiening, posdienste, vervoerdienste, yster- en staalproduksie, produksie en verkope van fosfaat, olieproduksie en hospitaaldienste.
- (c) Voorskriftelike beheer van die ekonomie by wyse van die toepassing van menigvuldigende wette, ordonnansies, verordeninge, regulasies en voorskrifte wat byna elke ekonomiese aktiwiteit voorskryf.
- (d) Die lae handelbaarheidsvlak van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs.

Zybrands (1988: 43–44) is vervolgens van mening dat owerheidsaktiwiteit in die ekonomiese omgewing afgeskaal behoort te word, vanweë bepaalde redes. *Ten eerste* behoort privatisering depolitiserend te bring. In die praktyk beteken dit dat die administrasie van byvoorbeeld 'n munisipale saal, waarby die rassekwessie betrokke is, uit die politieke arena verwyder word en behoort dit beslis voordele in te hou. *Ten tweede* behoort privatisering 'n breër belastingbasis te ontwikkel. Dit impliseer dat met privatisering die owerheid al hoe meer inkomste vanuit private ondernemings behoort te verkry en dus al hoe minder op die individu hoef staat te maak.

Botes (1987: 4–6) skryf vervolgens dat privatisering moontlik die volgende voordele kan inhou, naamlik:

- (a) Mededinging kan daardeur bewerkstellig word, wat beteken dat daardeur vir rasionele pryse meeding word.
- (b) Suksesvolle privatisering kan nuwe ondernemende entrepreneurs na die vryemark lok, wat daartoe kan lei dat individuele werknemers daardeur "markverwante" verdienstes kan ontvang.
- (c) Onproduktiewe, oneffektiewe en ondoeltreffende ondernemings behoort deur die markmeganisme uit die mark gedwing te word, omdat die wins die voortbestaan van die bedryf bepaal.
- (d) Private ondernemings behoort makliker buitelandse kapitaal vir projekte te bekom as owerheidsinstellings. Dit kan veral daaraan toegeskryf word, omdat die owerheid nie so 'n goeie leningsrekord het nie en vanweë die beleid van rassese segregasie wat tot sanksievorming aanleiding gegee het.

Privatisering van owerheidsaktiwiteit hou ongetwyfeld vir beide die openbare en private sektor bepaalde voordele in. Daar kan gekonstateer word dat 'n kleiner Staatsdiens gepaardgaande kleiner bestedingspatrone tot gevolg kan hê, wat sodoende druk op die individuele belastingbetaler, of die maatskappy, kan verlig. Vir die private sektor bestaan die moontlikheid dat nuwe geleenthede ontwikkel kan word, en vir die gewone man op straat word die geleentheid gebied om betrokke te raak by die kapitalistiese stelsel deurdat aandeel in 'n groter mark verkry kan word.

Neigings rakende die rol (prestasie) van die owerheid in die ekonomie, het vervolgens die owerheid van die behoefte aan privatisering oortuig. Nadat bepaalde ekonomiese prestasies van die owerheid onder die vergrootglas gekom het, is daadwerklik tot die besef gekom dat bepaalde owerheidsaktiwiteite geprivatiseer moet word. Die geïdentifiseerde tekortkominge wat daadwerklike optrede vereis, behels onder meer die volgende, naamlik:

- (a) Die bydrae van die openbare sektor tot die Bruto Binnelandse Produk (BBP) het in 1985 op 38,1% te staan gekom. Hiervan het die sentrale owerheidssektor 26% verteenwoordig en die openbare korporasies 12,1%. Die Bruto Binnelandse Produk word deur Lombard en Stadler (1981: 38) soos volg gedefinieer: "die totale waarde van finale goedere en dienste wat in 'n gegewe tydperk, gewoonlik 'n jaar, binne die grense van 'n land geproduseer is".
- (b) Ondoeltreffende benutting van kapitaal. Vir die tydperk 1973 tot 1985 was die opbrengskoers op kapitaal minder as die helfte van die vlak van doeltreffendheid as vir die tydperk 1946 tot 1975.
- (c) Die openbare sektor het vir die tydperk 1970 tot 1984 64% van alle netto vaste investering gedoen (waarvan 26% deur openbare korporasies). Vaste investering is die besteding aan vaste bates soos geboue, paaie, spoorlyne en ander konstruksiewerke, die

verbetering van grond, die vestiging van boorde en plantasies en masjinerie en toerusting (Lombard en Stadler 1981: 213).

- (d) Die openbare sektor het vir die tydperk 1981 tot 1985 geen bydrae tot netto binnelandse besparing bygedra nie.
- (e) Nie-kapitaal besteding deur die owerheid (op verbruik, rente op openbare skuld, subsidies en lopende oordragte) het van 18,6% in 1980 tot 26,2% in 1984 gestyg.
- (f) Besteding aan personeeluitgawes bedra nou 32% van die totale owerheidsuitgawes (Finansies en Tegniek 3 Junie 1988: 45).

Uit bogemelde verklarings wil dit voorkom asof privatisering onontbeerlik vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is. Die owerheid se betrokkenheid in die ekonomie, en die gevolglike prestasies wat nie na wense is nie, dui daarop dat die verrigting van dienste of funksies aan die samelewing, elders as by die openbare sektor gevind behoort te word. 'n Logiese uitvloeisel hiervan is dus, dat funksies of aktiwiteite wat deur die openbare sektor verrig word, en nie aan die ekonomiese doeltreffendheidsnorm voldoen nie, voortaan aan die private sektor oorgelaat behoort te word.

6. FAKTORE WAT PRIVATISERING BELEMMER

In teenstelling met voorgaande redes vir privatisering, is daar ook skrywers wat privatisering nie as die langverwagte en allesomvattende oplossing vir Suid-Afrika se ekonomiese probleme beskou nie. Die mening wat bestaan, dat 'n vrye mark altyd doeltreffender is, en goedkoper dienste as die owerheid lewer, is nie so eenvoudig nie. Daar bestaan geen wetenskaplike gronde vir die mening, dat private of openbare instellings, in die verskaffing van dienste, enigsins 'n verskil maak aan die gehalte of die doeltreffendheid van die diens nie. Die inherente gevaar bestaan altyd, dat met die privatisering van dienste, ekonomiese doeltreffendheid ten koste van die doeltreffendheid van die betrokke diens geïmplementeer sal word. Dit impliseer, dat die beleid wat met die betrokke diens beoog word, bloot 'n toevoeging tot die ekonomiese beleid kan word. In die praktyk kom dit daarop neer dat die ekonomiese doelwitte van maksimum wins en ekonomiese groei, die sosiale oogmerke van die betrokke diens kan vervang (Beeld 12 Oktober 1988: 15).

Voorts is dit insiggewend om daarop te let, dat Rooi China met 'n sentraalgerigte ekonomie, in een geslag, daarin geslaag het om sy bevolking met meer as 1 miljard mense, se lewenspeil in so 'n mate te verhoog, dat 'n groeiakoers van 5% per jaar oor die afgelope 20 jaar gehandhaaf is (Beukes 1988: 21). Voorts is dit histories in die praktyk bewys, dat 'n markgeoriënteerde ekonomie nog altyd tot groter ongelykheid tussen mense gelei het. Dit kom daarop neer, dat in 'n vryemarkeconomie, daar geen ingeboude element bestaan, om ongelykheid uit die weg te ruim nie (Beukes 1988: 21).

Vervolgens skryf Botes (1987: 7–10) dat privatisering besliste nadele vir die Suid-Afrikaanse samelewing behoort in te hou. *Ten eerste* kan Ministers moontlik privatisering deurvoer om sodoende politieke munt daaruit te probeer verkry. *Ten tweede* bestaan die moontlikheid dat 'n staatsmonopolie deur 'n private monopolie vervang kan word, wat nadelige gevolge, onder andere prysverhogings, tot gevolg kan hê. *Ten derde* kan lae gehalte personeellede in die owerheidsektor moontlik geprivatiseer word. Dit kan daartoe aanleiding gee, dat ondernemings in die private sektor, voornoemde personeel in diens moet neem wat noodwendig tot onwingsgewende en ondoeltreffende dienste kan lei. *Ten vierde* is dit moontlik dat heelwat teenstand van anderskleuriges verwag kan word, omdat die gevoel mag bestaan dat die koek nie eweredig verdeel word nie. Voornoemde verskynsel kan veral

op politieke sensitiewe areas, soos behuisingverskaffing, gesondheidsdienste en onderwys, ontwikkel. *Ten vyfde* kan heftige teenstand vanaf amptenare verwag word wat aan die betrokke instelling verbonde is, wat geprivatiseer staan te word. Daar kan moontlik 'n bedreiging vir toekomstige bevorderings en werkgeleenthede, in die privatisering van 'n funksie of aktiwiteit, gesien word. *Ten sesde* kan bykomende voorskrifte en regulasies ontwikkel word, om te verseker dat dienste wat geprivatiseer staan te word, aan bepaalde kwantiteits- en kwaliteitstandaarde voldoen. Dit is egter belangrik om daarop te let dat dienste soos hospitalisasie, spyseniersdienste vir vliegtuie en vullisverwydering, deurlopend van hoogstaande gehalte behoort te wees, omdat dit in die finale plek gaan oor kwalitatiewe dienslewering aan die samelewing.

Nog 'n belangrike aspek wat nie uit die gedagte verloor behoort te word nie, is dat die owerheid se betrokkenheid in die ekonomie nie sonder meer weggeredeneer kan word nie. Owerheidsbetrokkenheid in die ekonomie kan dikwels daaraan toegeskryf word, dat dit aanduidend was van die besondere omstandighede van 'n bepaalde tyd, en kan dit ook geregtig word veral vanweë maatskaplik-strategiese redes. So byvoorbeeld kan die ontstaan van staatsinstellings, soos onder andere Yskor, Eskom, Sasol en Soekor waarskynlik geregtig word. Met die totstandkoming van voornoemde instellings, was daar pertinente redes daaragter, omdat die bevolking op daardie stadium 'n behoefte aan die voorsiening van dienste of produkte soos byvoorbeeld staal, elektrisiteit, olie, vervoer en posdienste gehad het (Finansies en Tegniek 27 Mei 1958: 116).

Uit bostaande verklarings kan gevolglik afgelei word dat daar verskeie probleme is wat onderliggend is aan 'n goed bedoelde privatiseringsprogram. Alhoewel daar verskeie argumente ten gunste van privatisering is, kan privatisering ook nie ongekwalifiseerd aanvaar word nie. Dit impliseer dat privatiseringsinisiatiewe met groot omsigtigheid hanteer behoort te word. Dit is veral die werking van die vryemarkmeganisme, wat 'n besondere rol in die ekonomie speel, wat die privatisering van owerheidsfunksies 'n komplekse verskynsel maak. Daarom sal besluitnemers by privatiseringsaksies die bepaalde argumente ten gunste van privatisering, sowel as die argumente daarteen, deeglik in oorweging moet neem, alvorens daarmee voortgegaan word. Dit help nie net om te privatiseer ter wille van privatisering nie, die politieke sowel as administratiewe implikasies daarvan behoort in berekening te gebring word, om daardeur die beste voordeel vir die samelewing te bewerkstellig.

7. BELANGRIKE SKAKELS BY PRIVATISERING

Omdat privatisering van owerheidsfunksies 'n aansienlike trefkrag op die ekonomie van die land behoort te hê, is dit belangrik dat die onderskeie rolspelers wat daarby betrokke is, bepaalde aspekte deeglik in ag behoort te neem, alvorens daar tot aksie oorgegaan word. Zybrands (1988: 44-51) identifiseer die volgende aspekte wat in berekening gebring behoort te word by die privatisering van owerheidsfunksies, naamlik:

- (a) Dat kundigheid oor privatisering ongetwyfeld bekom moet word. In hierdie verband is dit belangrik dat bepaalde dokumentasie met betrekking tot privatisering, veral die Witskrif, deeglik bestudeer word.
- (b) Personeel wat deur privatiseringsaksies geraak word, se belange behoort na omgesien te word, en hulle behoort deeglik ingelig te word ten opsigte van die omstandighede.
- (c) Voorsiening behoort gemaak te word, sodat besware met betrekking tot privatisering, hanteer kan word. Paul (1955: 44) skryf vervolgens dat privatisering slegs suksesvol van stapel gestuur kan word, indien politici hul instemming daartoe gegee het. Omdat enige funksie of aktiwiteit wat deur die owerheid verrig word, deur die politieke proses vol-

mag verkry het, is dit dus logies dat die politici ook volmag aan 'n privatiseringsprogram sal gee.

Mc Gregor (1987: 64) is voorts van mening dat deregulering op sy eie in staat is om privatisering te verweselik. Dit impliseer, dat indien privatisering implementeer word, sonder dat gepaardgaande deregulering toegepas word, dit beperkinge op ekonomiese groei kan plaas. Dit beteken dat instellings in die private sektor op die lang termyn nog steeds in 'n belemmerende ekonomiese omgewing moet funksioneer, omdat regulering onnodige en beperkende regulasies op die ekonomiese aktiwiteite plaas (Adlem 1987: 14). Met deregulering word egter nie gekonstateer dat daar hoegenaamd geen regulasies moet wees nie. Dit gaan daaroor dat meer vryheid in die ekonomie ontwikkel wil word, om sodoende vir die private sektor moontlikhede te ontwikkel om daardeur tot sy volle potensiaal te ontwikkel.

Soos reeds vorentoe daarvoor geskryf, is daar verskeie faktore wat die proses van privatisering belemmer. Dit kom eintlik daarop neer dat privatisering verskeie moontlike gevare inhou. *Ten eerste* is 'n besturende direkteur van Cargo Carriers van mening dat privatisering en ook deregulering, in die Verenigde State van Amerika daartoe aanleiding gegee het, dat kwaliteitstandaarde mettertyd ingeboet moes word. Wat dus nodig is by 'n privatiseringsprogram, is dat minimum standarde op 'n deurlopende grondslag toegepas behoort te word. Voorts is dit ook belangrik dat genoeg, en bekwame amptenare, gewerf word om voornoemde taak te behartig (Finansies en Tegniek 25 Maart 1988: 8). *Ten tweede* huldig 'n bestuurshoof van die Londense bestuursadviseursmaatskappy, Touch Ross, die mening, dat privatisering met geduld benader behoort te word. Die gemiddelde tydspan vir die privatisering van 'n groot owerheidsinstelling, soos byvoorbeeld 'n elektrisiteits- of telefoondiens, neem ongeveer 4 jaar (Finansies en Tegniek 27 Mei 1988: 16). *Ten derde* behoort die opbrengs (fondse) van privatisering, volgens 'n ekonoom van Safmarine, eerder vir die uitbouing van die openbare infrastruktuur gebruik te word, as om die owerheid se lopende uitgawes daardeur te finansier (Beeld 29 September 1988: 26). In die praktyk beteken dit dat die Regering prioriteite behoort te herrangskik, sodat fondse sodanig toegeedeel word, dat dienslewering aan die samelewing op die effektiwste wyse geskied.

'n Analise van voorafgaande verklarings bring mee dat gekonstateer kan word, dat privatisering op 'n verantwoordelike en verantwoordbare wyse behoort te geskied. Die politieke ampsbekleider, die openbare amptenaar en diegene vanuit die private sektor wat hierby betrokke is, sal hulself met die teorie en praktyk van privatisering moet vergewis. Voldoende kennis en kundigheid met betrekking tot privatisering, behoort allerweë bekom te word, om sodoende effektiewe keuses oor privatiseringskasies te maak.

8. SAMEVATTING

Die oorhoofse doelwit van die owerheid is om die algemene welsyn van die bevolking te bevorder. Ten einde voornoemde doelwit te bereik, moet daar onder andere goedere en dienste deur die openbare en private sektor gelewer word, om sodoende aan die behoeftes en eise van die samelewing te voldoen. Hoe meer van die samelewing se behoeftes bevredig word, hoe groter behoort die ekonomiese welvaart van die bevolking te wees. 'n Logiese uitvloeisel hiervan, is dat daar dus 'n besondere balans in funksieverdeling tussen die openbare en private sektor behoort te wees. Dit kom daarop neer dat funksieverdeling op so 'n wyse behoort te geskied, dat slegs daardie funksies wat effektief en doeltreffend deur 'n betrokke sektor gelewer word, voortaan na daardie sektor gekanaliseer sal word.

Verskeie grondslae is onderliggend aan die privatisering van owerheidsfunksies. Dit is

veral die werking van die vrye markmeganisme wat bepalend is of privatisering suksesvol sal wees al dan nie. Omdat privatisering te doen het met die gedeeltelike of totale oordrag van die owerheid se bates na die private sektor, asook die herskrywing of wegdoen van wetsvoorskrifte, is dit logies dat 'n bepaalde klemverskuiwing in ekonomiese aktiwiteite behoort plaas te vind. Dit impliseer dat die lading van ekonomiese aktiwiteite meer na die private sektor verskuif word, en moontlik 'n wanbalans in funksieverdeling kan teweegbring. Daarom is dit belangrik dat oorwegend aandag verleen sal word aan die werking van die vrye markmeganisme, omdat dit 'n ingewikkelde stelsel is.

Die privatisering van owerheidsfunksies beteken egter nie dat heeltemal daarmee weggedoen word nie. Die owerheid het reeds 'n bepalende rol om te speel in die ekonomiese omgewing van die land. Dit kom daarop neer dat die owerheid orde en stabiliteit vir die samelewing wil bewerkstellig, en dat die owerheid in hierdie proses daarop ingestel is om 'n diens aan die samelewing te lewer, en nie soos die private sektor voordeel daaruit wil probeer verkry nie, deur soveel moontlik wins te wil maak nie. Daarom is dit belangrik dat die vryemarkstelsel nie onbeheersd kan voortgaan nie, en behoort die openbare en private sektor op 'n gekoördineerde grondslag onderling te skakel, om sodoende 'n sinvolle balans in funksieverdeling te bewerkstellig.

Daar kan vervolgens ongetwyfeld gekonstateer word dat privatisering onontbeerlik vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is. Bepaalde omstandighede binne die Suid-Afrikaanse ekonomie, soos onder meer monopolievorming in die private sektor, die buitensporige aandeel van die owerheid in die ekonomie by wyse van deelname aan onder andere elektrisiteitsvoorsiening en posdienste, en die voorskriftelike beheer van die ekonomie, vanweë meningsvuldigende wetsvoorskrifte, het daartoe aanleiding gegee dat owerheidsbetrokkenheid in die ekonomiese omgewing afgeskaal behoort te word. Vervolgens dui die prestasie van die owerheid in die ekonomiese omgewing daarop, dat bepaalde owerheidsfunksies voortaan aan die private sektor oorgelaat behoort te word. Die bydrae van die owerheid tot die Bruto Binnelandse Produk, ondoeltreffende benutting van kapitaal, nie-kapitaal besteding en besteding aan personeeluitgawes is onder meer 'n tasbare bewyse dat die owerheid se rol in die ekonomie swak prestasies tot gevolg gehad het. Privatisering is egter ook nie die langverwagte oplossing van alle ekonomiese probleme nie. Daar kon nog nie in die verlede bewys gelewer word dat die private sektor altyd doeltrefferder en goedkoper dienste as die openbare sektor lewer nie. Daarom is dit belangrik dat bloudrukke nie slaafs nagevolg behoort te word nie, maar eerder na 'n bepaalde land se unieke situasie gekyk word.

Indien die doelwitte van privatisering van naderby ontleed word, sal tot die gevolgtrekking gekom word dat privatisering eintlik 'n middel tot 'n doel is. Enersyds is privatisering, as deel van 'n ekonomiese hervormingspakket van die Regering, daarop ingestel om die ekonomie te stimuleer, en andersyds het privatisering ten doel om die owerheid se rol minder te maak in die ekonomie. In die finale instansie gaan dit egter daaroor dat die beste voordeel vir die landsburger beding wil word.

Omdat privatisering 'n wye trefkrag in die ekonomie tot gevolg kan hê, is dit belangrik dat kundigheid daarvoor bekom word, politici hul instemming daartoe gee, belemmerende maatreëls terselfdertyd uit die ekonomiese omgewing verwyder word (deregulering), dit met geduld benader word en kwaliteitstandaarde nog steeds gehandhaaf word. Dit impliseer dat privatisering oordeelkundig en op 'n verantwoordbare wyse behoort te geskied, om daardeur te verseker dat die belange van die samelewing bevorder sal word.

BIBLIOGRAFIE

1. Boeke

- Hanekom, S.X. & Botes, P.S., et al., 1987. *Woodrow Wilson, 100 jaar Publieke Administrasie: Quo Vadis?*, Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika.
- Hanekom, S.X. & Thornhill, C. 1983. *Public Administration in Contemporary Society: A South African Perspective*, Johannesburg: MacMillan South Africa (Publishers) (Pty) Ltd.
- Hattingh, J.J. 1986. *Owerheidsverhoudinge — 'n Inleiding*, Pretoria, SIGMA.
- Lombard, J.A. & Stadler, J.J., 1981. *Die Ekonomiese Stelsel van Suid-Afrika*, Pretoria, HAUM.
- McGregor, R., 1987. *Privatisation in South-Africa*, Johannesburg: Juta & Co. Ltd.
- Van Heerden, J.H.P., 1979. *'n Inleidende Studie van Ekonomie*, Potchefstroom: Wesvalia Boekhandel.

2. Tydskrifte

- Beeld*, 20 Mei 1988, Baie moet kan deel in rykdom.
- Beeld*, 12 Oktober 1988, Idee van doeltreffender vrye mark "denk-fout".
- Beeld*, 29 September 1988, Privatisering geskied verkeerd — ekonomies.
- Beeld*, 17 Maart 1988, Privatisering kan skuld help delg.
- Beukes, E., 30 September 1988. Privatisering is nie ongekwalifiseer aanvaarbaar, *Finansies en Tegniek*.
- Caiden, G.E., 1988. The vitality of administrative reform, *International Review of Administrative Sciences*, Volume 54, Number 3, September.
- Finansies en Tegniek*, 25 Maart 1988, Deregulering vereis 'n noulettende gehaltestelsel.
- Finansies en Tegniek*, 3 Junie 1988, Privatisering nodig vir ekonomiese welvaart.
- Klerck, H.P., 1984. Gemeenskapsverwagtinge vir effektiewe openbare administrasie, *SAIPA, Tydskrif vir Publieke Administrasie*, Volume 19, Nummer 3, September.
- Marais, P., 1 April 1988. Siening van privatisering te enkelvoudig, *Finansies en Tegniek*.
- Meades, D., Januarie 1988. Suid-Afrika is 'n arm land met ryk kolle ..., *Insig*.
- Paul, S. December 1985. Privatization and the public sector, *Finance and Development*.
- Zybrands, W. April 1988. Privatisering: Feit of fofie, *Munisipale en Openbare Dienste*.

3. Amptelike publikasies

3.1 Wette

Suid-Afrika (Republiek) *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1983 (Wet 110 van 1983).

3.2 Departementele lêers

* Suid-Afrika (Republiek), *Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking*, Departementele lêer, S1316.

4. DIVERSE PUBLIKASIES

- Adlem, W.L.J., 8 Oktober 1986. *Referaat gelewer tydens die 83ste Kongres van die Munisipale Vereniging van Transvaal*, Verwoerdburg.
- Botes, P.S. 11 November 1987. *Referaat gelewer tydens die Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging*, Onderstepoort, Pretoria.

* Goedkeuring vir gebruik van amptelike dokumente, Direkteur-generaal van Landbou-ekonomie en -bemarking in sy skrywe S100 8507/1 gedateer 2 Maart 1988.